

Ruimte/Tegnologie



“Ons leef almal onder dieselfde hemel,
maar ons het nie almal dieselfde horison nie.”

- Konrad Adenauer

Doelwit: Om die Verkenner bloot te stel aan die wye spektrum van tegnologie wat deel uitmaak van die moderne lewe. Om die Verkenner 'n beter begrip te gee oor die werking van 'n verskeidenheid hoëvlak-tegnologiese toerusting en/of prosesse. Om kreatiewe denke te ontsluit en te stimuleer.

Weergawe: 2007.0

Datum: Augustus 2007

Begroning:

Voortrekkerkode: 6. 'n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing.
7. 'n Voortrekker is 'n goeie landsburger.
8. 'n Voortrekker neem leiding.
9. 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.
10. 'n Voortrekker is diensvaardig.

ABC: As Voortrekkers het ons 'n verantwoordelikheid teenoor die skepping soos God dit vir ons gegee het. Leierskap maak 'n baie groot deel uit van die verantwoordelikheid om dit te beoefen. Tydens die spesialisering op hierdie veld gaan die Verkenner verskeie aspekte van vooruitgang en ontwikkeling beleef. Die resultate moet aangewend word tot die positiewe uitbou van ons pragtige land en al sy mense. Dit wat ons doen moet tot voordeel van ander wees, dit is ons doel en opdrag op aarde om tot diens van ander te wees.

Aanbiedingsvereistes:

| | | | |
|-------------------------------|--|--------------------|--------|
| Tydsduur: | Projek gebonde | Graadgroep: | 8 - 12 |
| Voorvereistes: | Geen | | |
| Aanbieding: | Die spesialisasie kan individueel of in spanverband afgehandel word. | | |
| Toekennings instansie: | Kommando | | |

Uitkomst:

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. 'n Besoek aflê by **twee** plekke wat hoëvlak-tegnologie bedryf, bv. WNNR, MINTEK, SABS.
2. Aan 'n stadsnagmars deelneem of self een beplan.
3. Vertroud wees met die impak van moderne tegnologie op die ekosisteem.
4. In breë trekke die beginsels en/of werking van **drie** van die volgende kan verduidelik:
 - 4.1 Elektromagnetiese induksie.
 - 4.2 Osillatorstroombaan.
 - 4.3 'n Rekenaar se sentrale verwerkingseenheid (CPU).
 - 4.4 Radar.
 - 4.5 Spuitmotor.
 - 4.6 Vuurpyl.
 - 4.7 Ruimtevaart en moontlike probleme wat ondervind kan word.
 - 4.8 Genetiese intervensie.
5. **Een** van die volgende self maak:
 - 5.1 'n Elektroniese model wat werk, byvoorbeeld radio/ontvanger, diefalarm/fotosel, ensovoorts.
 - 5.2 'n Oorspronklike rekenaarprogram skryf.
 - 5.3 **Drie** alledaagse toepassings van moderne tegnologie demonstreeer.

